Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2014

# SOSIALE WETENSKAPPE (GESKIEDENIS)

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**Leerders moet 'n 30 minute breuk tussen vraestelle kry.**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES

1. AL die vrae moet beantwoord word.
2. Lees en bestudeer alle meegaande bronne in die vraestel sorgvuldig deur.
3. Nommer alle vrae presies net soos dit op die vraestel verskyn.
4. Moenie die vrae se antwoorde deurmekaar skryf nie.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1: DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

1.1 Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Moenie die sinne herskryf nie. Skryf slegs WAAR of VALS langs die nommer (1.11–1.1.5), byvoorbeeld 1.1.6 WAAR.

1.1.1 Demokrasie beteken al die mense in die land het ’n reg om te kies wie hul leiers sal wees en het ’n sê in die wette en regulasies van die land.

1.1.2 Die grondwet is ’n stel landswette wat elke burger in ’n land moet gehoorsaam.

1.1.3 *Nkosi sikelel’ i Africa* was eers as ’n gesangstuk in 1877 deur Enoch Sontonga geskryf.

1.1.4 Die nasionale volkslied word in drie verskillende tale gesing.

1.1.5 Die V op die vlag beteken die samekoms van verskillende groepe wat eens geskei was. (5 x 1) (5)

1.2 Bestudeer die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE NASIONALE LANDSWAPEN**




Kopiereg voorbehou 

1.2.1 Verduidelik waarom die Khoi-San mense mekaar op die nasionale landswapen groet. (2)

1.2.2 Waarom word die landswapen op amptelike belangrike staatsdokumente geplaas? (1)

1.2.3 Watter deel van die nasionale landswapen stem ooreen met die beskrywing van die simbool van beskerming, wysheid en krag? (2)

1.3 Voltooi die onderstaande tabel deur die spasies (1.3.1–1.3.5) in te vul.

**DIE ROL VAN PARLEMENT**



| TAK VAN REGERING | WIE VORM HIERDIE TAK? | FUNKSIE VAN DIE TAK |
|---|---|---|
| Wetgewer | (1.3.1) | (1.3.2) |
| Uitvoerende | (1.3.3) | Hulle is verantwoordelik vir die bestuur van die land en vir die neem van besluite in ooreenstemming met landswette. |
| (1.3.4) | Die howe van die regstelsel | (1.3.5) |

(5 x 1) (5)

1.4 Pas die regte in KOLOM A by die verantwoordelikhede in KOLOM B by mekaar. Skryf slegs die nommer van die vraag (1.4.1–1.4.5) en die letter (A–E) van jou antwoord, byvoorbeeld 1.4.6 F.

| **KOLOM A**<br>**JOU REG OM:** | | **KOLOM B**<br>**VERANTWOORDELIKHEID AAN:** | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Menswaardigheid | A | gehoorsaam die landswette |
| 1.4.2 | Familie en ouerlike sorg | B | behandel elkeen gelyk en regverdig |
| 1.4.3 | Leef in 'n veilige omgewing | C | behandel mense met respek en waardigheid |
| 1.4.4 | Burgerskap | D | versorg die omgewing en bevorder herwinning |
| 1.4.5 | Gelykheid | E | eer en respekteer jou ouers |
| | | F | moenie diskrimineer nie |

(5 x 1) (5)
**[20]**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die twee prentjies hieronder lys elke punt onder die opskrifte van Sangoma of Westerse dokter:

**MEDISYNE**



2.1.1 Bestudeer wetenskap en medisyne vir baie jare. (1)

2.2.2 Praat met pasiënte oor hul vrese en siekte. (1)

2.2.3 Gebruik drome om vas te stel wat met die pasiënt fout is. (1)

2.2.4 Gee medisyne aan die pasiënt om siekte te behandel. (1)

2.2.4 Vra die voorvaders om hulp om pasiënt te genees. (1)

2.2.5 Ondersoek die pasiënt se liggaam. (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi. Skryf slegs die korrekte letter (A–C) van jou verkose antwoord langs die vraagnommer, byvoorbeeld 2.2.4 D.

2.2.1 Die eerste Suid-Afrikaanse chirurg om ŉ hartoorplanting te doen, is ...

A dr. Chris Barnard.
B dr. Edward Jenner.
C dr. Robert Koch. (1)

2.2.2 Die tuberkulose bakterieë was in ... geïdentifiseer.

A 1860
B 1882
C 1967 (1)

2.2.3 Dr. Alexander Fleming het …

A ʼn manier om bakterieë dood te maak wat sekere siektes veroorsaak ontdek.
B het die verband tussen bederf en siekte geïdentifiseer.
C ʼn geneesmiddel teen pokke ontdek. (1)


2.2.4 Die medisyne wat ʼn pasiënt baie diep laat slaap sodat hy/sy nie die pyn kan voel nie word ... genoem.

A antibiotika
B penisillien
C narkose (1)

2.3 Bestudeer die onderstaande bron en beantwoord die vrae wat volg.

Gevallestudie:

**DIE BOEGOE-PLANT IS ʼN HELENDE MEDISYNE**



Westerse maatskappye ontdek voortdurend meer en meer farmaseutiese gebruike vir inheemse plante. Die boegoe-plant word deur genesers vir honderde jare vir maag- en blaasprobleme gebruik. Vandag word streng beheer oor die pluk van boegoe uitgeoefen om te keer dat mense hierdie plante heeltemal uitroei. Niemand word toegelaat om boegoe sonder lisensie te pluk nie. Boegoe-blare word deur kommersiële boere gepluk, terwyl die plante blom. Die blare word gedroog en van Kaapstad af uitgevoer. Die meeste van die uitvoere gaan na Engeland en die Verenigde State van Amerika, waar die gedroogde boegoeblare in talle medisynes in die vorm van vloeistowwe, salf of pille gebruik word. Meer as 50% van alle medisyne wat vandag in die wêreld gebruik word, bevat plantekstrakte.

2.3.1 Waarvoor word boegoe gebruik? (1)

2.3.2 Is dit ʼn voorbeeld van ʼn inheemse of Westerse medisyne? Hoekom? (2)

2.3.3 Waarom word streng beheer oor die pluk van boegoe-blare uitgeoefen? (2)


**[15]**

## AFDELING C

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande bronne en beantwoord die vrae wat volg.





Skryf 'n paragraaf wat die eksperiment verduidelik wat Jenner uitgevoer het om sy pasiënt teen pokke in te ent. **[5]**

**TOTAAL: 40**